# Dag en Nag: 'n Nuwe Jaar in God se Hand

Nadat ons kon terugkyk op 'n jaar wat verby is wil ons ons **uitstrek na wat voor ons lê**, 'n nuwe jaar met nuwe kanse. 'n Nuwe begin, nuwe voornemens, nuwe ideale. Ek kon leer uit die vorige jaar en daag op met nuwe hoop. Ons wil soos Moses sê: **Here ons wil nie van hierdie plek verder gaan as U nie saam met ons gaan nie.** So wil ons 'n oomblik stilstaan om onsself weer te belyn met dit waarmee God besig is.

In die Joodse kultuur het 'n nuwe dag begin sodra die son gesak het. Maw in die aand het die nuwe dag begin en teen die tyd dat jy opstaan en begin werk was die dag reeds halfpad. Die idee is dat God reeds aan die werk is en ons by Hom inval wanneer ons begin werk. Dat ons werk en deelname nie ons inisiatief is nie maar altyd God wat die inisiatief geneem het en ons medewerkers van God is.

**Waarmee is God reeds besig aan die begin van hierdie nuwe jaar in jou lewe?**
**Waar kan jy 'n deelnemer of medewerker van God wees in 2026?**

Die beginsel van dag & nag is van die heel begin af **deur God** tot stand gebring. **Lig en donker.** Dit is deel van die **ritmiese aard** van die Skeppingsverhaal - dit was nie toevallighede nie, maar ritmes wat iets van die **sikliese aard van God se orde** uitwys:

**PSALMS 74:16-17 AFR83**

> "Dit is U aan wie dag en nag behoort, U wat aan die son en die maan hulle plek gegee het, U wat al die seisoene van die aarde vasgestel het; somer en winter is die werk van u hand."

Elke jaar begin soos **'n nuwe dag**.

Ek is seker daarvan dat almal gedurende die jaar wat verby is **dag-tye**, wanneer ons **naby God voel**, asook **nag-tye** beleef het. Dit is heeltemal normaal en ons streef waarskynlik daarna om meer dag as nagtye vir die volgende jaar te verseker. Die goeie nuus, aan die begin van 'n nuwe jaar, is dat **wat ookal voorlê in hierdie nuwe jaar**, ons gedurig herinner word dat **die God wat dag & nag gemaak het**, teenwoordig bly **binne beide**.

**PSALMS 19:2-3 AFR83**

> "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee."

Of ons onsself in **helder, hoopvolle dae** bevind of in **lang, onseker nagte**—God is nie afwesig nie. Hy is **naby**: **gereed** om ons in ons **nood** te ontmoet, ons **laste** te dra, selfs in ons versoeking is Hy gereed om ons te help, en presies die **genade te gee** wat nodig is (Heb. 4:15–16).

Geen uur is buite sy bereik nie. Geen oomblik val buite Sy sorg nie. Dag of nag waak die Here oor sy kinders (Ps. 121; Ps. 139).
**PSALMS 121:5-8 AFR83**

> "Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd."

**PSALMS 139:11-12 AFR83**

> "Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?"
> "Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander, maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig."

God gee vir ons aan die begin van 2026 en elke dag, hierdie **wonderlike hoop**:

**KLAAGLIEDERE 3:21-23 AFR83**

> "Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is **elke môre nuut**. U trou is groot."

God se ontferming **raak nooit oud nie**. Hy herhaal nie gister se genade nie — Hy skenk elke dag **vars barmhartigheid**. Soos die manna in die woestyn, kom dit presies wanneer ons dit nodig het: vandag.

Elke môre is 'n **nuwe begin**. Die **nag vra van ons vra**—krag, hoop, moed—en met die lig van 'n **nuwe dag word dit weer herstel**. Die opgaande son getuig stilweg: **Ons is nie van God verlate!** Sy ontferming is nie klein of skrams nie, maar **oorvloedig**. Groter as ons mislukkings. Groter as ons vrese. Groter as verlede jaar.

En daarom weet ons, selfs te midde van onsekerheid: **U trou is groot!** Nie omdat alles reg is of presies soos ons dit wil hê nie, maar omdat **God steeds God is**. So begin ons hierdie nuwe jaar nie met vrees nie, maar **met hoop**— elke môre fluister: **My genade is genoeg.**

Die Skrif rig ons oë ook verder as die afwisseling van dag en nag, na 'n **toekoms** waar daar **geen nag meer sal wees nie**. Wanneer Christus sy ewige koninkryk vestig, sal die heerlikheid van God só skyn dat dit 'n **eindelose dag sal wees** (Openb. 21–22).

Tot daardie dag word hierdie **nuwe jaar**—dag én nag—**aan ons toevertrou**. In eenheid met Christus, wie se lewe nou **in en deur ons leef** (Gal. 2:20), word ons geroep om elke oomblik **getrou** te bly: om **heilig te leef**, **opreg lief te hê**, na God se Woord te verlang en hoop te verkondig in 'n moë wêreld (Joh. 9:4; Ps. 1; 1 Pet. 3:15).

Kom ons begin hierdie jaar met vertroue—nie omdat ons weet wat voorlê nie, maar omdat ons weet **Wie elke dag en elke nag Sy hand oor ons hou.**

En dit is genoeg.

**Gebed**

A PRAYER AT THE START OF THE YEAR

Thank You, Father,
for your faithfulness to me in 2025,
Lead me, Lord,
to trust You more in 2026.
Thank You, Jesus,
for your kindness to me in 2025,
Help me, Lord,
to love you more in 2026.
Thank You, Holy Spirit,
for your power in me in 2025,
Stretch me, Lord,
to believe for more in 2026.

Voorspoedige nuwe jaar geliefdes. Cheers op ‘n nuwe begin, ‘n skoon bladsy, en die belofte van iets groter, kalmer en met meer skoonheid.